# *Wie Is Jesus?*

‘Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars....’

2 Korintiërs 4:5 (Nuwe Vertaling)

**www.1peter1three.weebly.com**

Peter Walker
(Vertaal deur: Marius Smith)

Ek dra hierdie boekie aan jou op geliefde leser. Dankie dat jy my toelaat om Jesus Christus met jou te deel.

Ek het geen formele kwalifikasie in die uitleg van die skrif, en is selfs nie duidelik oor my posisie in verband met sommige teologiese leringe nie. Ek is egter ‘n volgeling van Jesus, en ek is lief vir God se Woord. Laat my asseblief toe om ‘n paar gedagtes met jou te deel …

## <u>Inleiding:</u>

**As jy hierdie vraag vra - Wie is Jesus? - is jy waarlik op 'n ongelooflike plek!**

Jy mag dalk kwaad wees vir God, of selfs nie op hierdie stadium glo in God nie. Of miskien glo jy in God, maar is seergemaak. Miskien jy is 'n Moslem, 'n Hindu, 'n Boeddhis of van 'n ander geloof. Jy mag dalk selfs in 'n hele ander plek wees, wat jy nie eers kan definieer nie ... Ongeag, van hoe jy voel, of van waar jy jouself bevind, die God van die Bybel - verwelkom jou, nee inderdaad 'Smeek' jou, van die eerste tot die laaste boek om hierdie vraag te vra: **'Wie is Jesus?'**

Jy mag dalk vele vrae hê wat ek nie kan beantwoord nie. In hierdie kort boekie wil ek graag 'n paar eenvoudige gedagtes met jou deel as 'n 'gelowige volgeling' van Jesus. My woorde is geïnspireer deur my geloof, die Bybel en die Heilige Gees.

Ek glo dat die Bybel - die samestelling van 66 ‘boeke’ of skrifte is – en dit is die geïnspireerde Woord van God. Soos enige goeie of 'ware' ding, kan die Bybel

verkeerd verstaan, misbruik en betwyfel word. Ten spyte van die mens se tekortkominge in die vertaling van die Bybel, bly dit steeds God se betroubare bron van antwoorde vir die opregte soeker na die waarheid. Dit was geskryf deur 'ongeskoolde' mans, sodat dit maklik sou wees om te lees. God het homself nie vir ons weggesteek in die Bybel nie; Hy het homself aan ons geopenbaar!

Laat my nou toe om weg te spring en my gedagtes oor hierdie ontsaglik belangrike vraag met jou te deel. **‘Wie is Jesus?’**

## ***Wie is Jesus?***

Die Bybel leer ons dat Jesus Christus - wat 'Die Here red' beteken - is God wat aarde toe gekom het in menslike vorm. God daal uit die hemel neer om 'n mens te word, sodat ons God ‘persoonlik’ kan ken, en een in gees met God te word.

Jesus is God ‘in die vlees’. Hy het gekom om ons te vergewe van ons sonde en ons die ewige lewe te gee. Dit is 'wie' Jesus is, en 'waarom' hy gekom het.

**Openbaring:**

Die Bybel vertel ons dat dit 'n onpeilbare waarheid is, onmoontlik om te verstaan. Ons kan hierdie waarheid eenvoudig nie 'insien' nie - dat God die menslike vorm aan geneem het om ons te red. Ons kan dit nie 'begryp' nie! Dit is te groot vir ons vertand! Die Bybel leer ons dat dié waarheid - 'n wonderlike waarheid - was nie geskep, om deur ons beperkte verstand begryp te word nie!

Dit sê dat hierdie waarheid van God - Jesus Christus - is 'Gees en waarheid', en

benader ons nie deur die insig van ons 'verstand' nie, maar 'openbaring' deur die gees, aan ons harte.

As u - soos ek en soos baie andere - probeer om  God te ‘begryp’, of hom met ons gedagtes te meet, kan dit amper onmoontlik wees om ons harte of ons gees die voortou te laat neem. Maar oorweeg hierdie gedagte my vriend: alles wat kosbaar is in die lewe - vriende, familie, vreugde, liefde, vrede, vergifnis, genade - hierdie dinge is nie 'Waarhede' van die verstand nie, maar van die hart en gees. In baie gevalle laat ons wel toe dat ons verstand - ons kop - ons ‘harte', of verhoudinge lei. **Het jy al ooit toegelaat dat jou 'kop' jou hart oorweldig, en dan spyt gehad?** As God wel in my klein verstand kon 'inpas' of my beperkte ‘begrip’, sou hy inderdaad ‘n baie klein God wees!

Ons leer in die Bybel, *‘God is Gees, en ware aanbidders moet in gees en waarheid aanbid.’* Jesus self het gesê Sy woorde ‘kom van die Gees en dit gee lewe.’

**Het jy hierdie waarhede van Jesus as ‘n uitdaging vir jou verstand ervaar, maar ‘n klop aan die deur van jou hart gehoor?**

**Jesus se boodskap:**

Dit is interessant hoe Jesus 'n beroep gedoen het op mense vir hul ‘geloof’. Hy het nie gekom om geld of welvaart aan te bied nie. Hy het selfs nie gekom om teologiese vrae te beantwoord nie. Hy het dinge gesê soos: ‘*As iemand dors het, laat hy na my toe kom en drink... Almal wat in my glo, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei*.’

Jesus het gevra of ons 'dors' is, en hy belowe 'lewende water'. Dit ‘pas’ nie in ons daaglikse lewens ervarings in nie; dit ‘pas’ nie in ons verstand nie. En tog tref dit die kol in ons siel en bevredig dit ons behoefte aan iets meer.

**Resoneer hierdie vraag van Jesus - ‘Is jy dors?’- met jou siel?**

Of Jesus het byvoorbeeld een maal die skare gevra: ‘*Is iemand moeg?*’ En toe belowe hy ‘*rus*’ van 'n ander soort.

Jesus het wonderwerke gedoen, maar hy het 'n baie besondere doel vir sy wonderwerke gehad. Een maal het Jesus

vir 'n baie groot skare die rede gegee waarom hy wonderwerke gedoen het. Dit was sodat ons almal sou verstaan dat hy die mag het om ons sondes te vergewe. Hy het nie wonderwerke gedoen om, vir 'n kort tydjie, bloot die lewe vir sommige mense beter te maak nie. Hy het wonderwerke gedoen sodat ons sy krag sou sien om ons sondes te vergewe, en sodat ons sou weet dat '*ons name in die hemel opgeskryf is*.'

**So, wat was sy boodskap? Hoe kan ek hierdie '*lewe*', hierdie '*rus*', hierdie '*lewende water*' in my siel beleef?**

Hier is waar die boodskap van Jesus letterlik lewendig, en ter selfde tyd ook baie persoonlik word...

Jesus het gesê: '*Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word.*' Jesus het nie *van* God probeer leer nie; Jesus het ons *na homself genooi* om God te leer *ken*. Die belangrikste 'ding' wat jy in jou lewe het is 'iemand', nie iets of een of ander konsep nie. Dink vir 'n oomblik daaroor na. **Wat is die mees kosbaarste ding in jou lewe?** Ek

waarborg jou dit is 'n persoon. Met God is dit dieselfde. Die diepste *waarheid* wat God jou aanbied - is Hyself. Die doel wat Hy gehad het om 'n mens te word, was sodat ek en jy Hom eintlik kon sien, raak, en Hom kon leer ken. Inderdaad, een naam van Jesus is 'Immanuel', wat beteken, '*God met ons*.' Jesus - God as mens - het gekom sodat Hy by ons kon wees, nou en vir ewig.

***Wil jy God persoonlik ken?***

***<u>Geloof:</u>***

Jesus daag ons uit om in hom te ‘*glo*’. Dit was sy uitnodiging toe hy saam met mense was, terwyl hulle hom kon sien. As hulle hom kon '*sien*', waarom plaas hy so baie klem om in hom te ‘*glo*’? Twee dinge val my by oor die kwessie van 'geloof':

1. ***'N Ware vriend glo in jou!***

   Het jy al ooit 'n sogenaamde 'vriend' gehad wat nie in jou geglo het nie? Die persoon sien en ken jou, en erken jou selfs in geselskap. Hierdie persoon het 'n 'verhouding' met jou, maar hulle 'glo' nie in jou nie. Hulle het eintlik 'n deel van hul hart vir jou toe gemaak. **Ken jy daardie gevoel? Hierdie ervaring in verhoudinge?**

   Jesus het gekom - God in die vlees – om 'by ons' te wees. Sy naam, Immanuel, beteken: ‘God met ons’[1] Jesus wil nie net hê jy moet Hom 'erken' nie; hy het gekom om 'n

---

[1] Jesaja 7:14 / Matteus 1:23

liefdes / geloofs verhouding met jou te hê. Die fondasie van ware vriendskap is geloof in mekaar.

Jesus het gesê: ‘Ek noem julle vriende’. Jesus het ook gesê dat daar geen beter manier is waarop 'n vriend sy liefde kan wys, as om sy lewe vir sy vriend af te lê nie.[2]

## 2. *Om te sien is <u>nie</u> om te glo nie!*

Toe Jesus op die aarde was, het baie mense sy krag gesien, maar steeds nie in hom geglo nie. Miskien sê jy soms soos ek: “*As ek Jesus net kon ‘sien’*...” Die waarheid is dat baie - die meeste – mense wat hom in die vlees gesien het en sy wonderwerke aanskou het, nie in hom geglo het nie. Trouens, baie keer wanneer hy wonderwerke gedoen het, het mense eintlik teen hom gedraai. Op die ou einde, het almal wat hom 'gesien' het - die wat hom gehoor

[2] Johannes 15:13-15

praat het, saam met hom geloop het, en die tekens en wonders geniet het – óf teen hom saamgesweer óf hom in die steek gelaat. Hy is ter dood veroordeel in die daglig te midde van almal wat hom 'gesien' het.

Jesus roep ons dus tot 'geloof', en nie tot ‘sig’ nie. Toe die mens hom sien, het ons hom doodgemaak. Ons kan onsself nie vertrou om te volg - en lojaal te wees aan - dit wat ons met ons oë kan sien nie.
Ons kan dalk vir ‘n kort tydjie lojaal wees, nes die dissipels was, maar op ‘n stadium laat ons oë, ons gedagtes, ons harte, ons in die steek en dan volg ons nie deur nie. Ons mag dalk draai teen dit wat ons ‘gesien’ het en selfs eens op ‘n tyd liefgehad het.

Jesus het vir Thomas, sy dissipel, gesê: *‘Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo.’*

Hier op aarde wil Jesus hê dat ons moet ‘Sien’ met die oë van ons

harte, en ‘glo’ – m.a.w. ontvang, volg, gehoorsaam, aanbid. Jesus wil 'n ware verhouding met jou hê - 'n vriendskap! Eendag sal ons in heerlikheid oorgaan, waar ons oë suiwer sal wees en ons harte bestendig, en ons sal hom sien 'van aangesig tot aangesig'. Maar vir nou, is die oproep tot geloof.

**Voel jy dat jy Jesus 'sien' met die oë van jou hart?**

## Skat:

**Waarom is dit moeilik om Jesus te 'sien' en te glo? Hoekom hoor die hele wêreld nie van Jesus en glo nie?**

As ek die Skrif lees, is ek verbaas oor hoe God werk. Van die begin van die tyd, ten spyte daarvan dat God elke persoon liefhet, het sommige mense God 'geken', en sommige nie. Dit is en bly onmoontlik vir ons om te verstaan, om uit te werk, óf om te verduidelik.

Dit was presies dieselfde toe Jesus op die aarde was, toe Hy gepreek en wonderwerke gedoen het. Sommige mense het voor sy voete neer geval en gesê: ‘U is die Here!’ Andere het op hom neergekyk, hom versmaai en het sy gesag betwis. Hoe kan dit wees? Hoe kan een man na Christus kyk en God sien, en ‘n ander na hom kyk en net ‘n mens sien? Ek kan dit nie verklaar nie!

Maar wat ek deur die loop van die lewe en leringe van Jesus gesien het, is dat Hy homself op 'n diep en stil manier geopenbaar het. Baie *diep*, en baie *stil*!

Wanneer 'n persoon Jesus waarlik 'gesien' het vir wie hy was - *'God met ons*'- het dié einste openbaring sy hart bereik, en is hy vir ewig verander. Maar omdat hierdie openbaring so diep, suiwer en stil is, gaan dit verby die meeste van ons sonder om ooit opgemerk te word. Ons word afgelei deur soveel geraas en oppervlakkige hartsbegeertes, dat die diep dinge van God net verby ons vloei.

Jesus het 'n baie kort gelykenis vertel om hierdie waarheid te illustreer. Hy het gesê: ‘Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n skat wat in 'n saailand onder die grond lê. Wanneer iemand dit kry, maak hy dit weer toe; en omdat hy baie in sy skik is, gaan verkoop hy alles wat hy het, en hy koop daardie land.’[3]

**Voel jy dat jy Jesus as 'n skat begin sien, maar dat baie mense rondom jou dit nie kan sien nie?**

---

[3] Matteus 13:44

**Bloed:**

Die verhaal van Jesus is ongelooflik! Ons word vertel dat Hy ons as God kom bevry het van ons sonde, dat Hy ons skoon was van ons sonde 'vlekke'. Ons grootste sondes laat gewoonlik 'n bloed streep agter. Bloed, die lewensbron van mense, word verspil waar daar geweld is, waar daar misbruik is, waar daar ongeluk is, waar daar moord en doodslag is. Ons het almal bloed op ons hande, of dit direk of indirek is. Ons leef in 'n wêreld gebou op slawerny en misbruik, en ons het almal bloed gestort, of die gesteelde goedere ondersteun wat mense hulle bloed gekos het. Dit is 'n ongemaklike waarheid - maar bloedvergieting is aan die kern van ons wêreld se duisternis, en ook ons afsydigheid teenoor God.

Sodoende kom Jesus, en wil hy ons bevry van hierdie sonde en duisternis. Hy wil ons bevry van die verkeerde dinge waaroor ons gely het, en verkeerde dinge wat ons gedoen het. Hy wil elke siel genees en herstel, elke hart en selfs die land waarop ons woon. Ons word vertel dat Jesus die weg vir ‘Verlossing’ en

‘vergifnis’ gebaan het in hierdie ongelooflike, geestelike manier: **Jesus het ons sonde in sy eie persoon en liggaam geneem, en het toe daarmee gesterf.** Een vers in die Bybel stel dit so: ‘God het Hom in on plek as sondaar behandel’.[4]

Jesus het my skuld en skaamte op homself geneem, en daarmee gesterf. Nadat Hy met my sonde gesterf het, het my sonde nie weer saam met Hom teruggekom nie. Hy het die sonde in die graf agter gelaat. Jesus het net met vergifnis en ‘n nuwe lewe teruggekom vir my en vir jou!

'N Kragtige vers in die Bybel beskryf dit as volg: Die bloed van Jesus ‘getuig van iets beter’[5] as die bloed van ons sonde.

As gevolg hiervan, wanneer ons in Jesus glo en sy vergifnis aanvaar, is ons dankbaar vir die bloed van sy opoffering - vir die ‘bloed van Jesus.’

---

[4] 2 Korintiërs 5:21

[5] Hebreërs 12:24

# Wil jy deur Sy bloed skoon 'gewas' word?

**Gees:**

Jesus leef vandag! Hy het ‘n fisiese liggaam, en hy is in die hemel. Eendag kan jy hom ontmoet van 'aangesig tot aangesig’.

Maar toe Jesus sy dissipels vertel dat hy binnekort die aarde sou verlaat en hemel toe sou gaan, het hy vir hulle gesê dat hulle daaroor moet bly wees - nie hartseer nie - want dit beteken dat die Heilige Gees na hulle toe sou kom, en 'in' hulle sou wees.[6]

Jy sien, toe Jesus op aarde was, was hy slegs in menslike vorm hier. As Jesus in een dorpie was, het dit beteken dat hy nie in 'n ander kon wees nie. As Jesus sy hand van vrede op iemand gesit het, het dit beteken dat hy nie sy hand van vrede op 'n ander kon sit nie. In die vorm van ‘n mens, was hy beperk deur ruimte en tyd net soos ons is.

Toe Jesus na die hemel opgevaar het, was die Gees van Jesus, die *Heilige*

---

[6] Johannes 14:17,26,28

*Gees*, uitgestort op die *hele* aarde. Dit het beteken dat die persoon en vrede van Jesus in elke dorpie kon wees en so ook ter selfde tyd in die hart en huis van elke persoon kon wees. Dit het ook beteken dat Jesus in staat was om binne ons te woon, en nie net fisies saam met ons die pad te loop nie. Noudat Jesus sy roeping op aarde vervul het - gesterf en opgewek is uit die dode - om vergifnis van ons sonde en om ons die ewige lewe te gee - woon hy fisies in die hemel. Ons verbintenis tot hom is nou deur die Heilige Gees.

As ons in Jesus glo, werk hy in ons deur sy Heilige Gees en woon in ons hart, ons siel, ons gees - 'God met ons.'

**Wil jy in Jesus glo, en sy Heilige Gees in jou hart en lewe ervaar?**

**Uitnodiging:**

Jesus het gesê: ‘Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word.’[7]

**Wil jy Jesus graag uitnooi om in jou hart en lewe in te kom?**

Dit is 'n geestelike besluit en as jy jou lewe vir Jesus gee, sal jy vergifnis van jou sondes en die ewige lewe verkry.
Op die oomblik wat jy Jesus leer ken, is jy op 'n nuwe pad, en word jou lewe ‘soos die helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is.’[8]

Hoe steek jy daardie brug oor - wat oorgaan van dood tot die lewe - en dus Jesus Christus te leer ken? Daar is 2 kritiese dinge om te 'doen'. Dit is opgebreek in twee gedeeltes, en dan het ek 'n gebed wat jy kan lees en saam 'bid' in jou hart:

---

[7] Johannes 10:9

[8] Spreuke 4:18

**1. Bekering van sonde:**

Jy moet berou hê oor jou sonde. Ja, dit is 'n moeilike stap, maar een wat Jesus vereis dat ons sal neem. Jy moet besluit om dit met God se hulp te doen en weg te draai van die sonde in jou lewe - liefde vir geld, wellus, hebsug, oneerlikheid, verslawing, owerspel, pornografie, ens.

Bekering van sonde is 'n 'harts besluit', en met verloop van tyd moet dit weerspieël word in jou daaglikse lewe en huishouding. Daar kan dinge wees wat jy moet afsny, kommunikeer, weggooi, afskakel, weggee ... As jy nou besluit om jou te bekeer, en ‘om te draai' (dit is wat 'bekering' beteken), is jy gereed vir die volgende stap.

**2. Geloof in Jesus Christus:**

Ons het vantevore die belangrikheid en 'waarheid' van geloof bespreek en hoe belangrik geloof in enige ware verhouding is. Jesus vereis van ons om in hom te ‘glo’. Jesus vereis van

ons om hierdie stap in geloof te neem, en om iemand daarvan te vertel. Ek het 'n gebed neergeskryf wat jy jou eie kan maak. Die gebed moet opreg van jou hart af kom.

As jy berou het oor jou sonde en jou geloof in Jesus Christus plaas, sal hy op hierdie oomblik sy Heilige Gees in jou hart tuis maak, jou sonde vergewe en jou naam in die hemel opskryf!

**Gebed:**

**Liewe Here Jesus, ek dank u dat u lief is vir my. Ek dank u dat u vir my sonde gesterf het. Ek dank u dat u vergifnis vir my aangebied het en nou die ewige lewe gee.**

**Vandag bely ek my sonde, en plaas ek my geloof en vertroue in u. Ek vra dat u my sonde vergewe en u Heilige Gees in my sal uit stort.**

**Dankie, Here, dat U my vergewe het. Dankie, Here Jesus, dat U my gered het. Help my nou om getrou te wees, en u te volg vir die res van my lewe, totdat ek u eendag van aangesig tot aangesig sien.**

**Ek bid dit in die naam van Jesus, amen!**

## **Nuwe lewe:**

As jy hierdie stap van geloof in Jesus geneem het, is jy gered! Jy is vergewe vir al die sonde wat jy nog ooit in jou lewe toegelaat het! Jy is 'n 'nuwe skepping'. Dit is God se waarheid. Dit is die boodskap van Jesus.

As ‘n wedergebore 'gelowige', is dit regtig belangrik dat jy begin om die Bybel te lees, en daagliks 'n paar minute met Jesus in gebed te bestee. Dit is ook regtig belangrik dat jy by 'n goeie Christelike kerk aansluit, sodat jy kan groei in jou geloof en deur ander gelowiges ondersteun kan word.

As jy nie 'n Bybel het nie, stel ek voor om een te koop. Soek aanlyn of in boekwinkels vir die ‘Nuwe Internasionale Weergawe’ (NIV).

Wat ek doen, is om een hoofstuk per dag te lees. Begin miskien met die boek van **Lukas**, en lees dan net verder ...

Soek 'n goeie, betroubare kerk. Bid en vra die Here Jesus om jou te lei met

hierdie besluit. Vra vir 'n kerk aanbeveling van 'n Christen wat jy ken en vertrou. Maak seker dat jy een maal per week kerk toe gaan en dit ‘n prioriteit maak, as ‘opoffering’ aan die Here. Jy mag dalk sommige dinge in jou skedule moet verander, en selfs in jou finansies, om dit te reg te kry. Die Here sal jou eer daarvoor!

As jy hierdie stap van geloof geneem het sal ek graag van jou wil hoor! Gebruik gerus my webwerf op die volgende bladsy, stuur vir my 'n e-pos en laat my weet. Ek is saam met jou bly en sal vir jou bid!

Seën jou, my broer, my suster! Totdat ons mekaar persoonlik ontmoet - by a familie reünie! Mag God jou seën en beskerm in Jesus se naam!

Besoek gerus my webwerf vir meer bronne:

www.1peter1three.weebly.com

**‘Die Here sal julle seën
En julle beskerm;
Die Here laat tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!’**
Numeri 6:24-26

*Skrifte waarna verwys was in hierdie boekie:*

**God vra ons om na hom toe te kom**:
2 Korintiërs 5:20
**Om net Christus, sy Woord en sy Gees te ken**:
1 Korintiërs 2:2-3
**Inspirasie en verkeerde hantering van die Bybel**: Hebreërs 4:12 / Jeremia 29:13 (kyk ook na Matteus 4:1-11 & 2 Korintiërs 4:2)
**Ongeskoolde skrywers van die Bybel**:
Hand 4:13

**Jesus beteken, 'Die Here red' of 'verlos'**:
Matteus 1:21
**Jesus as God in die gestalte van die mens**:
Jesaja 7:14 / Matteus 1:23; Jesaja 9:6; Johannes 1:1-5,9,14; Johannes 8:58 / Eksodus 3:14;
Johannes 10:30; Johannes 14:9; Johannes 9:38 / Matteus 14:33 / Eksodus 20:5; Johannes 5:46; Kolossense 1:15-20; Hebreërs 1:3;

Filippense 2:6-11; Sagaria 14:9 /
Handelinge 4:12; Openbaring 1:13-18

**Jesus se doel om sonde te vergewe en om die ewige lewe te gee**: Lukas 5:24;
Johannes 11:25-26;
Johannes 4:13-14

**Openbaring, onmoontlik om te verstaan!**:
Johannes 6:37, 65; Matteus 16:16-18; Romeine 11:33-36; Jesaja 55:8-9; Psalm 36:9;
2 Korintiërs 4:6; Johannes 4:24 & Johannes 6:63

**Geloof in Christus**: Johannes 7:37-38; Johannes 11:25-26; Johannes 9:35; Matteus 11:28-30;
Lukas 5:24; Lukas 10:20; Johannes 10:9; Johannes 5:39-40; Johannes 15:13-15

**Om te sien is <u>nie</u> om te glo nie**:
Johannes 11:45,53;
Matteus 26:56; Markus 15:25 (9 uur in die môre) Johannes 20:29; 2 Korintiërs 4:6; 2 Korintiërs 5:7;
1 Johannes 3:2; 1 Korintiërs 13:12

**God het almal ewe lief**: 2 Petrus 3:9; 1 Timoteus 2:4; Matteus 18:14; Johannes 3:16

**Om Christus te aanbid of verwerp**: Johannes 9:38; Matteus 14:33; Johannes 10:20; 2 Korintiërs 5:16

**Diep en stil openbaring**: Matteus 16:20; Markus 1:24,34,44; Markus 4:11; Jesaja 6:9;
2 Korintiërs 5:16; Psalm 42:7; Matteus 13:44

**Bloed en vryheid in Christus**: Jesaja 1:18;
Psalm 25:15; 2 Korintiërs 5:17; Galasiërs 2:20;
Lukas 4:18 / Jesaja 61:1; Jesaja 42:3; 2 Kronieke 7:14; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 9:22; Hebreërs 12:24

**Gees**: Johannes 14:1-4; Openbaring 1:13-18;
1 Korintiërs 13:12; Johannes 14:17,26,28

**Uitnodiging en nuwe lewe**: Efesiërs 1:13-14; Kolossense 1:27; Spreuke 4:18; Johannes 5:24;

Markus 1:15; Matteus 3:8; Handelinge
3:19;
Romeine 10:9; Lukas 10:20; 2 Korintiërs
5:17;
Hebreërs 10:25; Psalm 1; Joshua1:9;
Hebreërs 4:12 / 2 Timoteus 3:16